



Nerina Bosman

Nerina Bosman doseer Afrikaanse
Taalkunde aan die Universiteit van
Pretoria.
E-pos: nerina.bosman@up.ac.za

Eenders en anders: die leksikons van Afrikaans en Nederlands in die een-en-twintigste eeu —'n loodsstudie

Same and different: Afrikaans and Dutch lexicons in the twenty-first century—a pilot study

Early research into the Afrikaans vocabulary was mainly diachronic and comparative (Dutch being the “mother” language from which Afrikaans developed) and the relationship between the lexicons of the two languages was not explored in any great detail towards the end of the twentieth century. This state of affairs changed with the publication of *Groot Woordeboek Afrikaans en Nederlands* (“Great Dictionary Afrikaans and Dutch”) in 2011, a dictionary with an amalgamated lemma list. One of the outcomes of the lexicographic project was the realisation that less than fifty percent of the lemmas in the dictionary were absolute cognates, words which are similar in both form and meaning. This finding prompted a synchronic comparison of word forming processes in Afrikaans and Dutch, using two small newspaper corpora from 2009 as well a selection of neologisms. Analysis of the data shows that although Afrikaans and Dutch differ in the way in which loan words are incorporated—Dutch speakers prefer to take over the words as they are, whereas Afrikaans speakers make use of calques—the morphosemantic process of compounding is still the most productive way for adding words to the lexicon. The two languages do not make use of each others’ coinages, one indication that their lexicons are increasingly growing apart.

Keywords: Afrikaans language, Dutch language, lexicology, wordforming processes.

Woord vooraf

Dié bydrae word met agting en waardering opgedra aan prof. Heinrich Ohlhoff. Benewens baie ander maniere waarop mens sy akademiese bedrywighede kan opsom, is hy ook filoloog, inleier in die historiese taalkunde, kenner van ou, Germaanse tekste, Renaissance-mens. By hom kon ek reeds in my eerste jaar aan die Universiteit van Pretoria luister na Middelnederlandse liederen en gedigte en kon ek 'n paar jaar later ook met Goties kennismaak.

Mooi loop, Heinrich, op die volgende deel van jou lewenspad!

Inleiding

Hierdie artikel is die resultaat van 'n kleinskaalse loods ondersoek na die verwantskap tussen Afrikaans en Nederlands op leksikale vlak aan die begin van die

135



een-en-twintigste eeu—ongeveer 350 jaar nadat die twee tale met hulle aparte ontwikkeling begin het.

Woordeskatondersoeke in Afrikaans is reeds van vroegs af onderneem, veral in diachroniese ondersoeke soos dié van S.P.E. Boshoff, J. du P. Scholtz en Edith Raidt. Latere leksikologiese ondersoek in Suid-Afrika in die loop van die twintigste eeu konsentreer op die sinchroniese beskrywing van die Afrikaanse leksikon en vind veral neerslag in leksikografiese arbeid waarvan etimologiese leksikografie 'n belangrike onderdeel vorm. Die aandag word eers weer pertinent op die naverwantskap van die twee leksikons gevestig met die verskyning van *Groot Woordeboek Afrikaans en Nederlands*, meer bekend onder die akroniem ANNA, in 2011, met as een van die winste van hierdie groot en omvangryke projek dat dit 'n nuwe perspektief gebring het ten opsigte van die oorvleueling al dan nie tussen die leksikons van Nederlands en Afrikaans (Martin). Die bevinding van die span leksikografe wat aan ANNA gewerk het dat minder as die helfte van die trefwoorde in die woordeboek nog tot groot mate ooreenkom wat vorm en betekenis betref (Martin 22) open moontlikhede van sinvolle sinchroniese vergelykende ondersoek na die leksikons van Afrikaans en Nederlands.

Probleemstelling en motivering

Die twee groot morfologiese prosesse waarmee nuwe woorde geskep word, is dié van samestelling en afleiding. In sy seminale werk oor die Afrikaanse morfologie, *Samestelling, afleiding en woordsoortelike meerfunksionaliteit* het Kempen 160,000 Afrikaanse morfologiese komplekse woorde ondersoek. Hy kom tot die volgende gevolgtrekking (Kempen 610):

- 20–25% van die Afrikaanse samestellings en afleidings is ná 1652 gevorm;
- in byna 100% van alle soorte gevalle is die Nederlandse morfologiese model gevolg;
- die sisteem is vrywel dieselfde as die Nederlandse;
- die verskille tussen Afrikaans en Nederlands is baie kleiner as die ooreenkomste.

Iets wat nie deur Kempen ondersoek is nie, is semantiese prosesse, soos metafoor en metonimie, wat soms part en deel is van die proses van woordvorming. Hierdie prosesse word oor die algemeen ook ingesluit by leksikologiese studies.

Dit is een van die oogmerke van hierdie spesifieke ondersoek om te probeer vasstel of die Afrikaanse woordvormingsisteem, ten minste wat die data wat bespreek word betref, ook in 2013 in wese nog dieselfde as die Nederlandse is, ten spyte van die geweldige veranderinge wat besig is om in Afrikaans te voltrek onder die invloed van Engels.¹ 'n Tweede oogmerk is om 'n voorlopige antwoord te probeer vind op die volgende vraag: hoe kan die verskille wat opgemerk kan

word tussen die Afrikaanse en Nederlandse leksikons (en volgens die redaksie van ANNA is hierdie verskille inderdaad meer as die ooreenkomste) binne 'n sinchroniese leksikologiese raamwerk ten beste gekarakteriseer word?

Beperkinge van die onderhawige studie

Hierdie studie wil nie voorgee om meer omvattend te wees as wat dit kennelik is nie. Die taak om die een-en-twintigste-eeuse Nederlandse en Afrikaanse leksikons met mekaar te vergelyk sal 'n haas onmoontlike omvang hê. Meer beskeie (en miskien meer haalbaar) is om in 'n loodsstudie die ondersoek te beperk tot 'n onderdeel van die leksikon, tot 'n bepaalde vakregister, soos dié van die sake- en finansiële wêreld, byvoorbeeld. So 'n loodsstudie sou kon dien as 'n voorondersoek vir moontlike meer uitgebreide navorsing.

Die materiaalversameling vir hierdie studie is van beperkte omvang (vergelyk die afdeling oor die metodologie wat gevolg is). 'n Tweede beperking is dat die ruimte vir hierdie artikel nie 'n meer gedetailleerde ontleding en bespreking van die woordmateriaal toelaat nie. Die bevindinge wat wel gemaak word, kan egter hopelik die akademiese gesprek rondom hierdie kwessie stimuleer.

Teoretiese verantwoording: die leksikologie as taalkundige terrein

Die bestudering en beskrywing van 'n taal se woordeskat—dit is hoe 'n mens "leksikologie" kortliks kan definieer. Hierdie definisie is wyd genoeg om aspekte soos die aard van die linguistiese teken, etimologie, leksikale semantiek, leksikografie, verskeie woordskeppingsprosesse en selfs vertaling in te sluit. Lipka, Coleman en Kay, die jaarverslae van die "Instituut voor Nederlandse Lexicologie", Halliday en Yallop, en Balteiro laat val in wisselende mate byvoorbeeld die klem op een of meer van hierdie aspekte.

Sentraal binne die leksikologie staan die *woord* as ondersoeksobjek, maar ander leksikale items soos affikse en multiwoordeenhede soos idiome word nie uitgesluit nie.

Die leksikologie en veral die Afrikaanse leksikologie as ondersoekterrein is nie maklik tuis te bring onder spesifieke teoretiese invalshoeke nie en is in wese 'n terrein wat hom gemaklik leen tot intervakdisiplinêre ondersoek. Die aanvangsjare van historiese taalkundige ondersoek in Suid-Afrika is onder andere gekenmerk deur 'n sterk klem op woordeskatverkenning binne die historiese-filologiese tradisie. Wêreldwyd is die verband tussen leksikale ondersoek en die historiese taalkunde vandag nog onmiskenbaar—vergelyk byvoorbeeld die reeds genoemde bronne hierbo en vir Afrikaans byvoorbeeld Boshoff, Scholtz, Van der Merwe en Raidt. Die leksikologie kan duidelik ook as 'n baie vrugbare onderafdeling van die historiese taalkunde beskou word.

Kernbegrippe in die leksikologie is leksikalisering, produktiwiteit en kreatiwiteit. Van besondere belang vir die leksikologie is die proses van leksikalisering, die proses waardeur nuwe woorde gevorm en in die leksikon van 'n taal opgeneem word vanwaar dit deur sprekers van die taal opgehaal en gebruik kan word. Die bestudering van hierdie proses kan diachronies wees, maar leen hom ook tot sinchroniese ondersoek soos wat hierdie ondersoek poog om te doen. Onderafdelings van die leksikaliseringproses is byvoorbeeld morfologiese woordvormingsprosesse, leenwoorde, leenvertalings en leenbetekenisse, prosesse van semantiese verandering soos polisemiese uitbreidings deur middel van onder andere metafoor en ook idiomatisering waar bousels 'n bepaalde verlies aan komposisionaaliteit en gemotiveerdheid vertoon.

Die leksikologie is voorts ook een van die terreine waar daar oorfloedige getuienis is in verband met produktiwiteit. Hierdie ontwerpkenmerk van taal soos deur Hockett onderskei, is die eienskap van taal wat sprekers in staat stel om nuwe taalkombinasies, soos nuwe woorde, te skep. Lyons (549), 'n strukturele semantikus, tref in dié verband 'n onderskeid tussen produktiwiteit ('n reëlgebaseerde eienskap van die taalsisteem) en kreatiwiteit (onvoorspelbare maar gemotiveerde innoverende skeppings deur taalgebruikers, deur byvoorbeeld metaforiese prosesse wat in wese nie reëlgebonde is nie). Die bestudering van morfologiese prosesse in die totstandkoming van nuwe woorde vorm in hierdie opsig 'n wesenlike deel van leksikologiese navorsing sodat ook die skeidslyn tussen leksikologie en morfologie nie skerp te trek is nie.

Teen die einde van die twintigste eeu blaas die moontlikhede wat die rekenaar en korpuslinguïstiek bied om inligting uit groot elektroniese korpora te onttrek nuwe lewe in die leksikologie. Woordfrekwensies, die buitetalige en talige kontekste waarin woorde gevorm word en met ander woorde verbind, soos in kollokasies en frases, kan nou met groter volledigheid en betroubaarheid bestudeer word.

Afrikaans en Nederlands

Dat die meeste woorde in Afrikaans oorgeërf is uit sewentiende-eeuse Nederlands (vergelyk byvoorbeeld De Villiers [29] en Raidt [16]) en dat die hedendaagse Afrikaanse woordeskat daarom nog steeds groot ooreenkomste toon met moderne Nederlands, is ongetwyfeld so. 'n Uitspraak soos dié van Carstens "(D)aar word soms gereken dat 90 tot 95 persent van die Afrikaanse woordeskat tot die Nederlandse erfbron teruggevoer kan word" word ook nie betwyfel nie (129). Gouws e.a. (798) toon byvoorbeeld 'n groot oorvleueling aan tussen Afrikaans en Nederlands in terme van woorde met 'n hoë gebruiksfrekwensie:

EENDERS EN ANDERS: die leksikons van Afrikaans en Nederlands in die een-en-twintigste eeu

Item	Afrikaans	Ndls	Item	Afrikaans	Ndls	Item	Afrikaans	Ndls
<i>van</i>	19 688	18 091	<i>niet</i>	46	7 358	<i>als</i>	26	4 011
<i>het</i>	15 111	16 655	<i>te</i>	8 876	7 025	<i>aan</i>	4 338	3 846
<i>een</i>	1 892	16 223	<i>die</i>	58 733	6 520	<i>of</i>	6 653	3 811
<i>en</i>	22 516	13 663	<i>met</i>	7 139	6 268	<i>nog</i>	1 930	3 507
<i>in</i>	15 619	13 483	<i>voor</i>	1 316	6 220	<i>wel</i>	276	3 146
<i>is</i>	15 628	11 539	<i>maar</i>	3 862	5 121	<i>om</i>	7 323	3 074
<i>dat</i>	4 841	9 565	<i>ook</i>	3 068	4 414	<i>wat</i>	5 268	2 918
<i>op</i>	7 132	8 125	<i>dan</i>	907	4 032	<i>kan</i>	2 069	2 488

Tabel 1: Woordfrekwensies in Afrikaans en Nederlands per miljoen woorde

Om bloot te kyk na die frekwensie van dieselfde woordvorm, soos wat die skrywers klaarblyklik gedoen het, is egter tot 'n groot mate onbevredigend, 'n feit wat wel deur Gouws e.a. (798) erken word. Vergelyk byvoorbeeld onder andere die problematiese items *het*, *een* en *niet* wat nie sonder meer as dieselfde leksikale items in Afrikaans en Nederlands beskou kan word nie. *Het* is in Nederlands 'n lidwoord maar in Afrikaans óf 'n hoofwerkwoord óf 'n hulpwerkwoord; *niet* word as ontkenningwoord so te sê nie gebruik in Afrikaans nie. Daarteenoor is *nie* besonder frekwent; 'n is die Afrikaanse ekwivalent vir die Nederlandse lidwoord *een*; *een* is 'n telwoord in Afrikaans, en so kan mens aangaan. Desnieteenstaande hierdie opmerkings, is die ooreenkomste tussen die twee tale soos aangedui in bostaande tabel opvallend. Dat die verskille tussen die twee leksikons al groter word en dat die "groot ooreenkoms" vandag vra om meer genuanseerde uitsprake en meer noukeurige ontleding, is eweneens waar.

Die naverwantskap tussen Afrikaans en Nederlands, verskille en al, kan miskien die treffendste geïllustreer word met 'n berig in *De Volkskrant* van 14 April 2009 deur Michiel Haighton:

Frits Kroymans, *tot voor kort* een van de grootste *auto-ondernemers*, zit midden in *faillissementsafhandeling*. Een *deal* met GM luidde het einde in.

Bij *Ferraridealer* Kroymans op de Soestdijkerstraatweg in Hilversum lijkt het *business as usual* deze woensdagochtend. Een klant *stapt in* een *gitzwarte* Ferrari California voor een proefrit. De verkoper *zwaait* hem breed glimlachend na. 'Zoals u ziet, er is hier *niets aan de hand*, de zaken *gaan* gewoon *door*', zegt hij, nog steeds met een brede glimlach.

Nog diezelfde middag, woensdag 7 april, verleent de rechtbank *surseance* van betaling aan de *Ferraridealer*. Deze week volgt hoogstwaarschijnlijk het onafwendbare *faillissement*. Dat geldt ook voor nog dertien andere *bo's* die

onder de Kroymans Corporation vallen, voorspelt vakbond CNV. Eerder al werden diverse andere *bedrijfsonderdelen*, inclusief het *moederbedrijf*, failliet verklaard.

Vervelende gevolgen

Voor klanten die op hun bestelde én *aanbetaalde* Ferrari wachten, heeft dit *vervelende* gevolgen. De curator heeft op alle gelden beslag gelegd, dus ook op *aanbetalingen*. In tegenstelling tot de meeste andere *automerken* geldt voor Ferrari een verplichte *aanbetaling* van 10 procent, 30.000 euro gemiddeld.

As 'n mens die sistematiese klank-, spel- en grammatikale verskille tussen Afrikaans en Nederlands buite rekening laat (byvoorbeeld die imperfektum *inluidde*, die *-t in rechtbank*, die spelling van *glimlachend*, ensovoorts), is daar 'n hele aantal ander woorde—in die teks gekursiveer—wat nie vandag vir Afrikaanssprekendes bekend is nie of nie gebruik sou word in 'n koerantberig nie (soos byvoorbeeld die Engelse leenwoorde *deal* en *dealer*). Die berig kan nogtans relatief maklik verstaan word. Dit gaan per slot van sake in hierdie teks om slegs 22 leksikale items (dit sluit woorde, woorddele, deeltjiewerkwoorde en idiomatiese frases in) uit 'n totaal van 176, of 12.5%—'n onbeduidende persentasie, sou mens kon sê. Maar dit is juis dié tipes leksikale items wat interessant is wanneer mens hedendaagse Afrikaans en Nederlands vergelyk. Wat die 22 gekursiveerde items betref, val sommige in die kategorieë wat in afdeling 9 bespreek word en ander weer is meerwoordige idiomatiese leksikale eenhede (soos byvoorbeeld *nazwaaien*, *niets aan de hand zijn*) wat hulle êrens op 'n spektrum van ondeursigtig tot deursigtig bevind.

Ná die verskyning van ANNA moes die dikwels aangehaalde uitspraak oor die "diep in die 90%-ooreenkoms" tussen Nederlands en Afrikaans aangepas word. Die woordeboek het 60,000 trefwoorde waarvan slegs 29,500 kognate is, minder as die helfte dus (Martin 24).² In ANNA se terminologie is *kognate* woorde wat groot vormlike ooreenkomste vertoon (soos *tafel / tafel*, *dink / denken*, *bloempot / blompot*) en ook semanties verwant is omdat hulle een of meer betekenisonderskeidings deel, soos *boodskap x boodschap*. Vir laasgenoemde kategorie gebruik ANNA die term *gedeeltelike kognate*. Hulle staan teenoor *absolute kognate* soos *hart x hart* deurdat hulle in minstens een betekenis-onder-skei-ding verskil. *Boodschap* (Nederlands) het 'n betekenisonderskeiding wat nie in Afrikaans voorkom nie, naamlik *inkopie*. *Niekognate* is woorde met dieselfde betekenis maar 'n vormverskil soos *boksbeugel x vuistryster*, *boodschappenkar x trollie*, *friet(en) x aartappelskyfie(s)*, *broche x borsspeld*. Laastens onderskei ANNA ook valse vriende soos *amper* en *mus*.

Wanneer die hedendaagse Afrikaanse woordeskat met Nederlands vergelyk word, is dit die gedeeltelike kognate en niekognate wat interessant is. Veral die kategorie van niekognate getuig van nuutskepping en oorname (as leenwoorde of leenvertalings) uit ander tale—met name uit Engels. Die bekende terme van Boshoff, *leengoed* en *eiegoed* bied nog 'n manier om die leksikale items wat verderaan

bespreek sal word, te kategoriseer, al is dit so dat die onderskeid tussen hierdie kategorieë nie onproblematis is nie en die grense tussen die twee soms dermate vaag is dat 'n streng onderskeid betwyfel kan word. Ook in die kategorie *erfgoed* is dit soms moeilik om te besluit of 'n bepaalde woord (nog) hier hoort of nie (vergelyk hier onder).

Metodologie

Materiaalversameling

Die register van die sake- en finansiële wêreld

Die woordeskat is die snelveranderendste deel van 'n taal om 'n aantal voor die hand liggende redes. Een van die redes het natuurlik te make met die verandering in die leefwêreld van 'n taal se sprekers. Een spesifieke woordveld wat gekies is om hierdie ondersoek te doen, is dié van die finansiële wêreld. Enersyds het sekere aspekte en konsepte van die wêreld van geld nie noemenswaardig verander sedert Afrikaans hom van Nederlands losgemaak en as aparte taal begin ontwikkel het nie. Banke het in 1652 bestaan en bestaan vandag nog (die Berenberg Bank in Nederland is in 1590 gestig), die dubbele-inskrywing-boekhoustelsel van Pacioli bestaan sedert die vyftiende eeu en die Heeren XVII wat die bestuur gevorm het van die Vereenigde Oostindische Compagnie—of VOC—was dié dryfveer agter die stigting van 'n verversingspos aan die Kaap de Goede Hoop. Hierdie finansiële inisiatief het die klimaat geskep waarin Afrikaans kon ontwikkel. Nog 'n rede vir die keuse van die spesifieke woordveld, was die groot aantal koerantartikels wat die kredietkrisis van 2008 en 2009 as onderwerp gehad het, sowel in Suid-Afrika as Nederland. Hierdie woordveld en register reflekteer voorts ook die geweldige invloed en hegemonie van Engels met betrekking tot nuwe konseptualiserings en leksikalisering wêreldwyd.

Vir die dataversameling in hierdie register is gebruik gemaak van die volgende:

- Twee relatiewe klein korpora van min of meer 20,000 woorde elk. Twee koerante is gebruik: die Sake24-deel van *Beeld* en die “economie”-deel in die Nederlandse koerant *De Volkskrant*.
- In aansluiting by hierdie woordveld is daar gekyk na 'n aantal terme uit die veld van die finansiële rekeningkunde. In hierdie geval is die Nederlandse werkwoord *rekenen* (deel van Afrikaans se erfgoed) gebruik om die uiteenlopende maniere waarop Nederlandse en Afrikaanse terminologie in die woordveld van finansiële rekeningkunde geskep is, te bekijk.

Nuutskeppings in die vroeg- een-en-twintigste eeu

Om die soeklig ook te laat val op woorde wat die twee tale baie onlangs binnegekom het, is daar gekyk na twee groepe nuutskeppings—enersyds die woorde wat aangewys is as “woorde van die jaar” tussen 2003 en 2012 in Nederlands en

andersyds 'n bepaalde groep nuutskappings in Afrikaans uit 2013. Daar word nie voorgegee dat hierdie klein groepie woorde verteenwoordigend is van die neologismes in Nederlands of Afrikaans van die een en twintigste eeu nie—hulle dien slegs ter illustrasie van die woordvormingsprosesse wat waargeneem kan word.

Ontleding van die materiaal

Die maniere waarop woorde in die koerantkorpusse asook die nuutskappings gevorm is, is ontleed deur die woorde in bepaalde kategorieë in te deel en te kyk of die woordvormingsprosesse van die twee tale noemenswaardig verskil. Lipka se indeling van die woordvormingsprosesse waarmee 'n taal se woordeskat uitgebrei en verryk kan word, is gebruik om die data te analiseer, maar Boshoff se indeling van erfgoed, leengoed en eiegoed het nog 'n bruikbare kategorisering geblyk te wees.

Erfgoed

Boshoff (96) beskou alle Afrikaanse woorde wat vóór 1657 in Nederlands bestaan het, as erfgoed. In hierdie kategorie val dus die absolute kognate wat deur ANNA onderskei word asook gedeeltelike kognate waar daar sowel 'n vorm- as betekenisverskil met die Nederlandse erfwoorde op te merk is, maar met behoud van 'n basiese betekenis wat nog oorvleuel tussen die twee tale. Boshoff (278) stel die vraag of daar nog van erfgoed gepraat kan word daar waar die betekenisonderskeidings van 'n bepaalde oorgeërfde woord in Afrikaans begin verskil van die Nederlandse. Hy kom tot die gevolgtrekking dat hierdie woorde 'n skakel vorm tussen erfgoed en eiegoed. Dit geld dan ook die volgende voorbeeld wat van naderby bekyk word. Ons het hier 'n geval waar Afrikaans en Nederlands se weë geskei het in die leksikalisering van konsepte.

In die veld van finansiële rekeningkunde het Afrikaans die oorgeërfde woord *reken* (*rekenen* in Nederlands) geneem en die morfologiese prosesse van samestelling en afleding sowel as polisemiese uitbreiding van die grondbetekenis van die woord gebruik—iets wat nie in Nederlands gebeur het nie.

Die Germaanse grondbetekenis van die werkwoord *reken* is om iets te orden of af te handel. Onder die lemma *rekenen* gee *Van Dale* 12 polisemiese betekenisse, die *Woordeboek van die Afrikaanse taal* (WAT) Deel XIII gee by *reken* 9 (Geerts en Heestermans; Botha). Afrikaans en Nederlands deel die meeste van hierdie betekenisonderskeidings:

Van Dale—rekenen

1. tellen
2. cijferen, met getallen werken, volgens de regel hoeveelheden (aantallen) kunnen optellen, aftrekken, vermenigvuldigen en delen, enz.
3. de rekening opmaken, nagaan wat men verschuldigt is, enz.

EENDERS EN ANDERS: die leksikons van Afrikaans en Nederlands in die een-en-twintigste eeu

4. afrekenen, een rekening vereffenen
5. (veroud.) verantwoording doen over gelden die men beheerd heeft.
6. als koopsom of kosten stellen, vragen "hoeveel rekent u daarvoor?"
7. begripen onder (men kan hem onder de grootste geleerden rekenen)
8. schatten, ramen (men rekent de schade op 600 gulden, het gaat nie altijd zo als wij rekenen)
9. houden voor, achten (ik reken mij bevoegd om ...)
10. in aanmerking nemen (zonder zijn moeite te rekenen)
11. veronderstellen, aannemen (ik reken dat hij komt)
12. op iem of iets rekenen, staatmaken

WAT—*reken*

- 1 a van mening wees
b veronderstel
- 2 a ag, beskou as
b insluit
c as belangrik of vernaam beskou
- 3 vertrou, steun of staatmaak
- 4 (*verouderend*)
a met syfers werk of somme maak
b uitwerk of bereken
- 5 skat of beraam

Van belang is ook samestellings en samestellende afleidings met die werkwoord *reken* in Afrikaans, soos *rekenkunde* (wat "syferkuns" in beide Afrikaans en Nederlands beteken"), *rekeningkunde* en *rekenmeester*. Die woord *rekeningkunde*, met die betekenis wat ons in Afrikaans daaraan heg, naamlik "wetenskap, leer i.v.m. die hou van rekeninge" (Botha) bestaan nie in Nederlands nie (dit word altans nie in Van Dale as lemma gelys nie). Dit kan dus as eiegoed van Afrikaans beskou word. Volgens *De Financiële Begrippenlijst* is die Nederlandse ekwivalente vir hierdie woorde:

account (*rekening*) "m.n. in de bankwereld in verb. als account-manager, accountsdepartment", etc.

accountancy: (*rekeningkunde*): "werk, leer, wetenskap der accountants"

accountant (*rekenmeester*): "rekeningkundige;³ iem die zijn beroep maakt van het inrichten, leiden, nazien, controleren en verbeteren van de boekhoudingen en administratie van instellingen".

In die *Woordenboek der Nederlandse Taal* (WNT) van 1882 kom die lemma *accountant* nie voor nie, maar dit word wel gevind in die eerste supplement van 1956 met as definisie "iemand die zijn werk maakt van het controleren, in orde brengen en

inrichten van boekhoudingen". Van Dale etiketteer die samestelling *rekenmeester* (so ook *boekhouder*) as histories en argaiës in die betekenis "ambtenaar belast met controle op overheidsfinansiën". In die WNT kom die woord voor in 'n sitaat uit 1814, maar dit is selfs toe al beskryf as "vrijwel verouderd sindsdien". In Afrikaans word *chartered account* vertaal as *geoktrooieerde rekenmeester* (*oktrooi* = *charter*). Dit lyk nie asof daar vir hierdie beroepsbenaming 'n Nederlandse ekwivalent bestaan nie.

'n Interessante nuutskepping in Afrikaans was die Afrikaanse afleiding *rekenaar* deur een van die betekenisonderskeidings (4a in die WAT Deel XIII) te gebruik—'n betekenis wat ook gevind word in die woord *bereken*—en uit te brei om die funksies wat 'n rekenaar verrig, te omvat. Hierdie woord, wat aanvanklik kompetisie gekry het van die woord *komper*, is nou gevestig in die Afrikaanse leksikon. Samestellings met *rekenaar*- beslaan 17 kolomme in Deel XIII van die WAT. Die woord kan beskou word as 'n leenvertaling uit Engels, waar 'n ekwivalent vir die werkwoord *compute* gesoek is om 'n selfstandige naamwoord vir die nuwe saak mee te vorm.

In kort: waar Afrikaans 'n bestaande konsep en term gebruik het en met morfosemantiese prosesse nuwe woorde (*rekeningkunde*, *rekenmeester* en *rekenaar*) gevorm het, het moderne Nederlands verkies om die Engelse terme onveranderd as leenwoorde oor te neem.

Eiegoed en leengoed

Eiegoed, soos aanvanklik deur Boshoff en later in navolging ook deur ander (vergelyk byvoorbeeld H.J.J.M. van der Merwe en Conradie) gedefinieer, sluit daardie leksikale items in wat selfstandig en onafhanklik van Nederlands in Afrikaans gevorm is. Gevalle waar die Afrikaanse betekenisontwikkeling van 'n erfwoord gelei het tot nuwe betekenisinhoud, word deur Boshoff (278) beskou as woorde wat 'n skakel vorm tussen erfgoed en eiegoed. Leengoed is leksikale items wat uit ander tale (insluitend byvoorbeeld die Nederlands van die negentiende eeu) oorgeneem is.

'n Te streng onderskeid tussen eiegoed en leengoed is tot 'n mate problematies wanneer daar na leenvertalings en leenbetekenisse soos *spaarwiel* en *spraakamer* gekyk word (T. van der Merwe). Hierdie woorde word volgens die tipiese woordvormingsprosesse van Afrikaans gevorm, maar die oorspronklike konseptualisering was byvoorbeeld in Engels en hulle is dus nie op hierdie vlak oorspronklike skeppings nie. Conradie (18) beskou leenvertalings byvoorbeeld as deels eie-, deels leengoed.

144

Die niekognate wat in ANNA onderskei word, val dikwels in hierdie kategorie. Niekognate is woorde met 'n betekenisoreenkoms, maar algehele vormverskil. In hierdie gevalle maak die twee tale byvoorbeeld nie wedersyds (deur ontleding)

gebruik van mekaar se nuutskeppings om bepaalde konsepte te leksikalisier nie. Daar is 'n algemene persepsie, by én Nederlands- én Afrikaanssprekendes, dat Afrikaans veel meer moeite doen om eie "eg-Afrikaanse" woorde as vertaalekwivalente vir Engelse woorde en terme te skep en dat Nederlands weer Engelse woorde onveranderd oorneem. 'n Brief van Michiel Nooren (*Beeld*, 24 September 2009) illustreer hierdie persepsie goed. In die brief haal Nooren 'n hele aantal Afrikaanse woorde aan, soos *huislening*, *aanwyser* en *rekenaar* en skryf hy: "Ik wist niet dat er voor zoveel buitenlandse woorden een Nederlands woord bestond". Nederlandssprekendes haal dikwels voorbeelde van "oulike" Afrikaanse neologismes aan—sommige wat ons om die waarheid te sê self nie ken of gebruik nie, soos *amperbroekie* en *hysbakkie*. Woorde soos *duikweg*, *e-pos*, *springbok*, *doringboom*, *lugwaardin*, *woonstel* en *gelykheidshof* is immergewilde voorbeelde, soos ook die uitdrukking 'n draai loop.

Sonder 'n baie meer deurtastende ondersoek as die huidige een, kan 'n mens nie veel meer konstateer as dat dit 'n persepsie is wat wyd voorkom, maar wat waarskynlik by nadere ondersoek nie steekhou nie. Op hierdie kwessie word kortliks in die Perspektief-afdeling hier onder teruggekom.

Prototipiese voorbeelde van eiegoed is natuurlik nuutskeppings. Neologismes—veral voordat hulle stewig ingeburger en gekodifiseer word met moontlike polisemiese betekenisuitbreidings—is 'n goeie barometer van die sosiale en ekonomiese tydsgees in 'n spesifieke taalgemeenskap. Hulle bied voorts uitstekende stof om tendense in woordvormingspraktyke in twee naverwante tale te beskou en te vergelyk. Deurslaggewend vir 'n woord om as neologisme beskou te word, is dat die woord deur sprekers aanvanklik en ook daarna vir 'n bepaalde tydsduur as "nuut" ervaar word. Ek sal wil redeneer dat wanneer 'n woord wel algemeen aanvaar word, hy nie noodwendig sy neologismestatus verloor nie—so bly *duikweg*, *hysbak* en *woonstel* byvoorbeeld duidelik nuut vir Nederlandssprekers en kan mens hulle nog steeds as neologismes in Afrikaans beskou. 'n Interessante voetnoot in hierdie verband is byvoorbeeld ook die etiket "jong woord" by die lemma *accijns* in die etimologiese woordeboek van De Vries en Tollenaere. Let wel: hierdie woord is al sedert 1526 in gebruik in Nederlands. Duidelik werk almal nie altyd met dieselfde voorstellings van wat nuut of jonk is nie.

'n Mens kan 'n min of meer willekeurige datum bepaal en alle woorde wat vanaf daardie tydstep nuut geskep is in die twee tale waaroor dit hier gaan onder hierdie noemer tuisbring. Vir hierdie artikel is daar besluit om na woorde te kyk wat sedert 2003 gevorm is.

In 2003 word daar deur Koen Gubbels van die vertaalburo *The Language Lab* 'n verkiesing georganiseer om die "Woord van het jaar" te kies. Sedert 2007 organiseer die Nederlandse woordeboek *Van Dale* en die koerant *De Pers* die verkiesing. 'n Aantal woorde word jaarliks geselekteer en deelnemers kan dan hulle gunstelingwoord uit hierdie lys kies. Vanaf 2010 word die uitslag van die Belgiese en

die Nederlandse verkiesing geskei en word daar ook sekere kategorieë (jongeretaal, lifestyle, politiek, sport en amusement, ekonomie) onderskei. Ruim 22,000 mense het in 2012 deelgeneem aan die Belgiese verkiesing (Van Dale, *Woord van het jaar 2012*).

'n Tweede bron vir die dataversameling was 'n stel koerantberigte uit 2009. In 2008, met die ineenstorting van groot finansiële instellings in Amerika, wat wêreldwyd na banke elders ook uitgekring het, is daar gou, in Engels, woorde geskep om die krisis mee te verwoord. Die woord *kredietkrisis* het die oorkoepelende term geword om die finansiële miserie mee aan te dui. 'n Aantal koerantberigte uit *De Volkskrant* gedurende 2009 is gebruik om Nederlandse leksikale items te identifiseer in hierdie register. 'n Aantal koerantberigte uit 2009 wat verskyn het in *Sake24*, die generiese koerantbylaag wat deur die Afrikaanse koerante in die Naspersstal gebruik word, is gebruik as korpus om Afrikaanse nuutskeppings te identifiseer. Omdat Afrikaans nie 'n soortgelyke tradisie as die "woord van het jaar" het nie, is daar gekyk na nuutskeppings in 'n aanlynkompetisie wat in 2013 deur *Longman HAT* op facebook geloods is.

Materiaalontleding

Kempen behandel die volgende tipes woordvormingsprosesse: kategoriale meerfunksionaliteit (of funksiewisseling), samestelling en afleiding; Combrink ("Oorsig") noem twee prosesse, naamlik reduksie en kombinasie; Combrink (*Afrikaanse Morfologie*) brei sy vroeëre indeling uit na reduksie-plus-kombinasie en 'n aantal "ander prosesse en produkte"; Booij en Van Santen noem "compositie" en "derivatie" en die *Algemene Nederlandse Spraakkunst* noem slegs kombinasieprosesse: afleiding, samestelling en 'n kombinasie van die twee—samestellende afleiding. Lipka, in *An Outline of English Lexicology*, bly nie gebonde aan suiwer morfologiese prosesse nie en onderskei, in navolging van Tournier, drie kategorieë van woordvorming: morfosemantiese neologismes, semantiese neologismes en morfologiese neologismes. Daarby voeg hy die taaleksterne prosesse van oornamewording van woorde uit ander tale—die sogenaamde leenwoorde en leenvertalings of calques.

Volgens Lipka (92) redeneer Tournier dat produktiewe metasemantiese prosesse soos metafoer en metonimie asook leenwoorde ook ingesluit moet word in 'n beskrywing van woordvormingsprosesse sodat die totaliteit van leksikologiese prosesse in 'n taal omvat kan word. Deur leenwoorde en leenvertalings in hierdie ondersoek in te sluit, word daar dus aangesluit by 'n leksikologiese, eerder as suiwer morfologiese, ontleding van die data. Morfologiese analise het sy beperkinge. Dit bied nie genoegsame verduideliking vir die verskillende maniere waarop nuwe leksikale items konstant tot die leksikon toegevoeg word nie en dit is nie die beste manier waarop semantiese spesialisering, metafoer en metonimie, almal belangrike maniere van figuurlike uitbreiding van betekenis, betrek kan word

nie. Volgens Lipka (75) vertoon polisemiese uitbreiding en morfologiese prosesse groot ooreenkomste in die sin dat beide prosesse kan sorg vir nuwe leksikale items.

In die volgende ontleding van die data word uitgegaan van Tournier en Lipka se indeling alhoewel die aparte kategorie leenwoorde wat deur hulle onderskei word, ook problematies kan wees. Waar sal 'n woord soos *uittredingsannuïteit* dan geklassifiseer moet word? *Annuïteit* is duidelik 'n leenwoord, maar *uittrede* tog nie. Sulke voorbeelde is hier onder in die kategorie morfosemantiese nuutskeppings ingedeel en "suiwer" leenwoorde in 'n aparte kategorie.

Morfosemantiese woordvorming

Sowel die woordvorm (deur die morfologiese prosesse van affiksering en kombinasie) as die betekenis van die nuutgevormde woord, is nuut. In hierdie kategorie word ook die baie voorbeelde van leenvertalings uit Engels, soos *neseier* en *kredietcrisis* ingesluit.

Afrikaanse koerantkorpus

Soos wat ook die geval is met die Nederlandse koerantkorpus, is hierdie woorde reeds volledig geleksikaliseer en val hulle nie meer noodwendig op as óf nuutskeppings óf leenvertalings nie. Daar word hier aangeneem dat die woorde in die loop van die twintigste eeu in gebruik gekom het:

bankreus, belastinggaarder, beleggingstrategie, brandstof, brandstoftekorte, drahandel, effektrust, kabeldiefstal, kontantvloeï, geldsake, sakegeleentheid, sakelui, ['n voorbeeld van woordspel word ook gevind in die naam van 'n rubriek: "saaklik"], kapitaalwins, kontantvloeï, marklopie, aandelelopie, neseier, padvrag, padstaking, taksrebelle, uitkeerpolis, uittredingsannuïteit, wanbestuur, sonpaneel.

Nuutskeppings vir die Longman HAT kompetisie

Engelse term	Betekenisomskriving	Afrikaanse skepping
blamestorming	Dit gebeur wanneer 'n spertyd nie gehaal is nie, of wanneer 'n projek misluk het en die betrokkenes bymekaarkom om vas te stel hoekom dinge skeefgegaan het (en wie daarvoor verantwoordelik was).	blaamberraad sondebokkery, vingerwysvergadering
crowdsourcing	'n Groot klomp mense (die publiek) word —gewoonlik aanlyn—genader om hulp te verleen met 'n spesifieke taak, en hulle begin dan help om iets te doen, 'n probleem op te los, ensovoorts, wat tevore die werk van slegs 'n klein, toegewyde span was.	skareskrum

Engelse term	Betekenisomskrywing	Afrikaanse skepping
gamification	<i>Gamification</i> is om 'n speletjie-element te voeg by iets wat nie 'n speletjie is nie, om dit meer pret te maak, mense se aandag te trek, hulle daarby te betrek, hulle betrokke te kry. Die werkwoord is <i>gamify</i> .	spelefikasie verpretting
hackathon	'n <i>Hackathon</i> vind plaas wanneer mense met verskillende vaardighede 'n naweek of 'n paar dae lank bymekaarkom en saamwerk om iets nuuts te skep.	kreathon kodeermaraton koderingsmaraton saambousaamtrek
omnishambles	In 2012 die <i>Oxford English Dictionary</i> se woord van die jaar. Dit verwys na 'n situasie wat van die begin af heeltemal verkeerd aangepak en bestuur is, en waarin alles wat moontlik kan skeefloop, skeefloop.	alkantflater ploeterpartytjie verbrouspul
hashtag	Die <i>hashtag</i> —'n enkele woord of 'n reeks letters sonder 'n spasie (= die <i>tag</i>), voorafgegaan deur die simbool # (= die <i>hash</i>)—word veral in teksboodskappe en kommentaar op die sosiale netwerk Twitter gebruik. 'n <i>Hashtag</i> dui 'n spesifieke onderwerp/tema aan en kan in soektogte gebruik word om maklik en vinnig al die boodskappe/kommentaar oor die spesifieke onderwerp/tema op te spoor.	hetiket hutsetiket hutshaak
mashup (app),.	'n <i>Mashup</i> is 'n rekenaarprogram, 'n liedjie, 'n video, 'n boek, ensovoorts, wat 'n samevoeging is van (dele van) een of meer ander programme en/of liedjies en/of video's of boeke, om iets heeltemal anders, nuuts, oorspronklik te skep.	flansskepping flanswerk kuberklits mengelskepping
slow movement	Die <i>Slow Movement</i> , wat gepaardgaan met <i>Slow Living</i> en <i>Slow Food</i> , het in Italië ontstaan. Mense wat hierdie beweging navolg, stel hulle daarop in om van vandag se gejaagde lewe waarin alles, van werk tot eet, vinnig en halsoorkop gedoen word, weg te breek en rustig te leef, vars, plaaslike produkte op die mark te gaan koop, rustig maaltye voor te berei, rustig saam te kuier, 'n lewe van gehalte te geniet.	draalleefstyl loom lewe talmende lewenswyse
technomite	'n <i>Technomite</i> is 'n kleuter of jong kind wat beter as jy self verstaan hoe jou iPad en selfoon werk.	kuberkabouter kuberkannetjie kuberkleuter slimsnuitter tegnokannetjie tegnopeuter tegnotjokker

Engelse term	Betekenisomskrywing	Afrikaanse skepping
screenager	'n Tiener wie se oë heeldag op 'n skerm vasgenaai is—sy/haar selfooskerm, rekenaarskerm, die TV-skerm.	digitiener kuberpuber kubertiener staarkind tegnotiener

Dit is interessant dat daar waar die te vertaalde konsep uit twee woorde bestaan, (*slow movement*), die nuutskeppers ook hierdie patroon gevolg het.

Nederlandse koerantkorpus

bedrijfsuitgaven, belastingvoordelen, betalingsachterstand, bezoldigings-afspraken, boekhoudfraude, boekjaar, concurrentievermogen, detailhandel, filebestrijding (infrastructuur), hypotheeklening (en samestellings met *hypotheek* soos hypotheeklasten, -markt, -aanbieders), klokkenluider (“whistle blower”), kredietcrisis, -dossier, maandlasten, paardenmiddel (“een paardenmiddel is een betalingsregeling waarbij de huiseigenaar geld van de bank leent om zijn hypotheeklasten te betalen”), vertrekpremie / vertrekregeling, ziekenhuismarkt, zonnecel.

Woorden van het jaar

Soos wat die geval was met die nuutskeppings in Afrikaans, is betekenisomskrywings nodig om hierdie woorde, waarvan baie waarskynlik eendagswoorde is en nie die tand van die tyd sal deurstaan nie, te kan verstaan. Hulle is tot groot mate onbekend en hulle betekenis is taamlik ondeursigtig. Baie van die woorde is leenvertalings uit Engels, soos die volgende:

bankdomino (< *bank domino*): [die verwysing is na die kredietkrisis toe die een bank ná die ander ineengestort het.]

dopingdomino: “het achtereenvolgens ontmaskeren van een hele reeks dopinggebruikers, m.n. in de wielerved.”

horroropa (< *horror dad*)

gastroseksueel (< *gastro sexual*): “een man die zijn kookkunst aanwendt om een vrouw te verleiden of te behagen”]

begrotingsravijn: “economische neergang die optreedt wanneer belastingmaatregelen die bedoeld zijn om de economie te stimuleren, eindigen of worden teruggedraaid, m.n. in de Verenigde Staten [vertaling van Engels *fiscal cliff*]”

Daar is egter ook heelwat neologismes wat meer oorspronklik Nederlands skyn te wees:

beurtbalkje (tweede op die lys van 2003). Die woord is sedert 2005 in Van Dale opgeneem met die betekenis “staafje dat men om verwarring te voorkom op de transportband naar de kassa legt tussen de eigen boodschappen en die van de vorige of volgende klant in.”

hufterindeks: “lijst met mensen die zeer asociaal gedrag vertonen, m.n. in het verkeer en veel te hard rijden, bumperkleven, rechts inhalen etc. Deze hufters worden door de politie openlijk gevolgd; gestalkt als het ware.”⁴

tentsletje: “meisje dat bijvoorbeeld op een festivalweide met verschillende mannen seksuele betrekkingen heeft om zo een slaapplea (meestal een tent) te hebben.” [Woord van het jaar 2010].

stoeproken: “roken op de stoep voor een café of restaurant, wegens het rookverbod in de horeca”.

zonderwoordenjournalistiek: “journalistiek die zelfcensuur pleegt door een courant woord uit te bannen terwijl er nog geen goed alternatief voor bestaat [bedacht door communicatiekundige Leon Neels in reactie op het afschaffen van het woord *allochtoon* door “De Morgen”].”

geldmoord: “geldontwaardiging en koopkrachtverlies, m.n. als gevolg van het inflatoire beleid van centrale banken [gemunt/gepopulariseerd door de Nederlandse econoom Edin Mujagiæ].”

ontvrienden: “het dumpen van virtuele vrienden door ze te schrappen uit vriendenlijstjes op sociale netwerksites.”

Eponieme

Dit is opvallend dat eponieme taamlik gereeld voorkom in die lys finaliste van die woord van het jaar.

Duyvendakken: “iemand afrekenen op zijn actieverleden. Naar het Nederlandse kamerlid Wijnand Duyvendak, die moest aftreden na nuuws over bedreigingen en brandstichting in de periode dat hij milieuactivist was.”

Bokitoproof: Die woord verwys na 'n voorval waar die gorilla Bokito uit sy hok in 'n diereuin ontsnap het en 'n besoeker aangeval het. Die apeverblyf was kennelik nie *Bokitoproof* nie.

Livestrong: na die kankerfonds wat Lance Armstrong in 1997 opgerig het. As deel van die geldinsameling is geel armbandjies met die motto “Livestrong” verkoop (“Lance Armstrong”).

Wien (na die speelrekenaar van Nintendo)

Project-X-feest: “feest waarvoor via sociale media gasten worden uitgenodigd, die in zulke groten getallen komen dat het feest enorm uit de hand loopt [ontleend aan de filmtitel Project X]” (Van Dale, *Woord van het jaar 2012*).

Whappen: “whatsappen, d.w.z. informatie uitwisselen door middel van de mobiele dienst WhatsApp” (Van Dale, *Woord van het jaar 2012*).

Semantiese neologismes

In die Lipka-Tournier-indeling word hierdie kategorie onderskei vir woorde wat deur middel van meerkunksionaliteit ("class transfer") en metasemantiese prosesse soos metafoor en metonimie gevorm word. Daar is nie baie semantiese neologismes in die relatiewe klein korpusse wat vir hierdie ondersoek gebruik is, gevind nie, maar die volgende Afrikaanse voorbeelde val wel in hierdie kategorie: *web, net, krag en stroom* ("elektrisiteit"), *bosberaad, beurtkrag*.

Die woord van die jaar in 2008, *swaffelen*, kan ook as 'n semantiese neologisme beskou word. Die betekenisomskrywing heet: "met het mannelijk geslachtsdeel tegen een object aantikken, om aldus opgewonden te raken". Daar is ook 'n afleiding *swaffelaar* ("iemand die "swaffelt"). Die nuwe woord met 'n nuwe betekenis is waarskynlik gevorm deur die betekenis van die werkwoord "zwaffelen", wat beteken om "heen en weer te beweeg, te waai", uit te brei. Die Duitse woord *Schwanz* wat gebruik word vir *penis* het miskien ook 'n rol gespeel in die vorming van die nuwe woord.

Morfologiese neologismes

Morfologiese neologismes behels volgens Lipka reduksieprosesse soos knipsels en die vorming van akronieme (Combrink, "Oorsig" 235). Slegs die vorm van die woord word verander – die betekenis word volledig behou.

- *Nederlands*
Ledlantaarn (gevorm met die akroniem LED – *light emitting diode*)
Yolo (akroniem: *you only live once*)
mobieltje (afleiding van *mobiel* < *mobiele telefoon*)
- *Afrikaans*
seltelfoon (sellulêre telefoon)
e-pos (elektroniese pos)

Leenwoorde

As mens onder leenwoorde daardie woorde verstaan wat na klankvorm en spelling nog baie duidelik "vreemd" is en die taal waaruit die woord oorgeneem is nog duidelik herkenbaar is, is daar geen voorbeelde in die Afrikaanse koerantkorpus gevind nie, alhoewel leenvertalings volop voorkom. Hierteenoor was daar werklik baie voorbeelde in sowel die Nederlandse koerantkorpus (*claim, concern, efficiency, file, research* (naas *onderzoek*), *excellente, budget* (naas *begroting*), *auto, automerken, faillissement, failliet, deal, dealer, business as usual, surceance, design* (naas *ontwerp*) as onder die "Woorden van het jaar":

gamen, googelen, spammen, e-war, tsunami chasse-patate, twitteren, vuvuzela, smirten (< *smirting*) (met die betekenis "flirten terwyl men met iemand staat te roken voor een gebouw waarin roken verboden is"), *wiiën, occupyer* (< *Occupy Wall Street*).

Perspektief

Daar is hierbo by die afdeling oor “Eiegoed en leengoed” reeds kortliks verwys na die opvatting wat heers as sou Nederlands makliker as Afrikaans en boonop sonder om te blik of te bloos woorde uit Engels oorneem. Dit is nodig dat so 'n persepsie ter afsluiting in perspektief geplaas word.

Die hedendaagse keuse in Afrikaanse hoofstroommedia om eerder letterlike leenvertalings te skep as om van leenwoorde gebruik te maak, word waarskynlik gemotiveer deur 'n ou drang om “Afrikaanse” woorde te skep en nie klakkeloos leksikale items uit Engels, die groot konkurrent in die tot-woorde-bring van aspekte van die omwêreld, oor te neem nie. Scholtz (*Wording*) wys byvoorbeeld op 'n belangrike ontleningstyd uit Nederlands in die negentiende eeu, met die opkoms van die Nederlandse joernalistiek aan die Kaap ná 1825 en Uys wys op latere ontlenings aan Nederlands in die twintigste eeu om in hierdie behoefte te voorsien. Motivering vir die ontlenings was veral taal-ideologies en gerig teen oornames uit Engels. Vandag is daar egter in Afrikaans 'n subtiele konseptuele oorgang te bespeur vanaf die vroeëre begripsvorming in Afrikaans na 'n wêreld wat grotendeels deur bemiddeling van Engels aan ons geopenbaar word en ook oorspronklik in Engels geleksikaliseer word.

Die grootste uitbreiding in Afrikaans se woordeskat vandag is deur leenvertalings uit Engels. Die enorme invloed wat Engels op die woordeskat van Afrikaans het, kan uitgesonder word as dié faktor wat daarvoor sorg dat die Afrikaanse idioom sy eiesoortige karakter en eertydse groot ooreenkoms met Nederlands aan die inboet is. In 'n gesprek met Magdaleen Kruger oor die RSG-radioprogram, *Die tale wat ons praat*, noem Ilse Feinauer Afrikaans “verklankte Engels”. Benewens die talle voorbeelde waar leenvertalings besig is om Afrikaanse woorde te verdring (Feinauer noem onder andere *bestuurslisensie* in plaas van *rybewys*, *funksie* in plaas van *geselligheid*), wys sy verder daarop dat Engels ook sy invloed laat geld in morfologiese prosesse. Sy noem die oordrewe gebruik van die adverbaliseerder *-lik* soos in *ligtelik*, *regverdiglik* en *bewustelik*, in plaas van *lig*, *regverdig* en *bewus*.⁵

In die omgangsvernakulêr van Afrikaanssprekendes (en nie net dié onder 30 jaar nie) is kodevermenging die norm. Feinauer (170) verwys na Ponelis wat van mening is dat Afrikaans leksikaal al hoe meer afhanklik van Engels blyk te word en dat die identiteit van Afrikaans as 'n aparte taal ernstig in die gedrang is. Uit die talle voorbeelde van leenvertalings wat hierbo aangehaal is en die lae frekwensie van werklik innoverende nuutskeppings, lyk dit inderdaad asof ons al hoe verder wegbeweeg van die ou gewoonte om erfgoed te gebruik om nuwe woorde in Afrikaans te konseptualiseer.

Tweedens blyk dit daar nie teruggegryp word na die Nederlands van die laat twintigste en vroeë een en twintigste eeu as bronwel vir nuutskeppings nie. Hierdie stand van sake dui op groot potensiële verlies aan leksikale eiesoortigheid en

daarmee saam 'n eie karakteristieke wêreldbeskouing, soos Feinauer (171) ook bevind.

Gevolgtrekking

Daar is verskille op te merk tussen die woordeskat van Nederlands en Afrikaans, maar die woordvormingsprosesse is dieselfde. Uit die ontleding van die taaldata hierbo is dit duidelik dat die morfosemantiese proses van samestelling die mees produktiewe manier is waarop nuwe woorde geskep word in én Nederlands én Afrikaans. Dit strook ook met Kempen se bevinding in 1969. Tweedens is leenwoorde en leenvertalings duidelike pogings om die woordvoorraad van beide tale uit te brei en te voldoen aan die eise van die een en twintigste eeu.

Wat ontbreek in die klein korpus wat ondersoek is, is wat Brinton en Traugott (43) "root formation" noem en Combrink (*Afrikaanse Morfologie* 81) "skepping sonder meer", met ander woorde die proses waar 'n nuwe stammorfeem wat nie voorheen in die taal bestaan het nie, geskep word. Afrikaanse woorde soos *doedie*, *zef* en *ghoef* is voorbeelde van sulke stamvorminge.

Van Rooy en Van den Doel karakteriseer die hedendaagse verhouding tussen Afrikaans en Nederlands as "post-plurisentries"—'n verhouding waar wedersydse verstaanbaarheid nie meer noodsaaklik is nie, maar waar daar nog 'n verband tussen die twee tale (wellig meer op kulturele as talige vlak) ervaar word. Uit die ondersoek waaroor hier berig word, blyk dat taalinterne getuienis vir so 'n verband veral op die terrein van die woordeskat opgemerk kan word.

Dit is moontlik dat 'n volskaalse ondersoek met groot korpora—ook spraak-korpora—meer en interessante resultate sou kon oplewer waardeur die verhouding tussen Nederlands en Afrikaans meer noukeurig gekarakteriseer kan word.

Aantekeninge

1. Die gesproke Afrikaanse vernakulêr vertoon aspekte van tipiese kontaktale, waaronder kodevermenging die mees opvallende is.
2. Die indeling in vyf verskillende lemmatipes in ANNA volg nie die bekende indeling in erfgoed, leengoed en eiegoed nie, maar berus op hedendaagse vorm- en / of betekenisooreenkomste tussen die twee tale.
3. Alhoewel die woord *rekeningkundige* by die definisie van *accountant* gebruik word in *Van Dale*, word dit nie as aparte trefwoord opgeneem nie.
4. Uit die betekenis van *hufter* soos wat *Van Dale* dit aangee (1. opschepper, dikdoener 2. boerenkaffer 3. schelm) is dit duidelik dat die nuwe samestelling ook semantiese spesialisering vertoon—hier is *hufter* iemand wat in Afrikaans 'n *padvark* genoem word.
5. Taalnormeersders wys reeds lankal op die hinderlike gebruik van *huidiglik*.

Geraadpleegde bronnelys

Balteiro, Isabel (red.). *New Approaches to Specialized English Lexicology and Lexicography*. Cambridge: Cambridge Scholars Publishing, 2011.

- Booij, Geert en Ariane van Santen. *Morfologie: de woordstructuur van het Nederlands*. Amsterdam: Amsterdam UP, 1998.
- Boshoff, S.P.E. *Volk en Taal van Suid-Afrika*. Pretoria: Hollands Afrikaanse Uitgevers-maatschappij, 1921.
- Botha, W.F., (hoofred.). *Woordeboek van die Afrikaanse Taal, Deel XIII*. Stellenbosch: Buro van die WAT, 2009.
- Brinton, L. en E. Closs Traugott. *Lexicalization and Language Change*. Cambridge: CUP, 2005.
- Carstens, W.A.M. *Norme vir Afrikaans*. Pretoria: Van Schaik, 2011.
- Coleman, J. en C.J. Kay. *Lexicology, Semantics and Lexicography*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company, 1998.
- Combrink, J." Afrikaanse Morfologie: 'n oorsig." Hoofred. T.J.R.Botha e.a.. *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Academica, 1989. 220–54.
- Combrink, J. *Afrikaanse Morfologie. Capita Exemplaria*. Pretoria: Academica, 1990.
- Conradie, C.J. *Taalgeskiedenis*. Pretoria: Academica, 1986.
- De Finansiële Begrippenlijs*. <<http://www.dfbonline.nl/>>.
- De Villiers, M. *Nederlands en Afrikaans*. Goodwood: Nasou, 1983.
- De Vries, J. en F. Tollenaere. *Etymologisch woordenboek*. Utrecht: Spectrum, c1991.
- Feinauer, Ilse. "Language contact between Afrikaans and English leads to conceptual change in Afrikaans." *Translation and Meaning Part 5 Proceedings of the Maastricht Session of the 3rd International Maatsricht Lodz Duo Colloquium on "Translation and Meaning," 26–29 April (2000): 163–71.*
- Geerts, G. en H. Heestermans. *Van Dale Groot Woordenboek der Nederlandse Taal*, Elfde uitgawe. Utrecht: Van Dale Lexicografie, 1984.
- Gouws, R.H., D.J. Prinsloo en G.-M. de Schryver. "Friends will be Friends—True or False. Lexi-co-graphic Approaches to the Treatment of False Friends." Reds. G. Williams en S. Vessier, *Proceedings of the Eleventh EURALEX International Congress, EURALEX 2004, Lorient, France, July 6–10, 2004: 797–806.*
- Haeseryn, W., K. Romijn, G. Gerrts, J. De Rooij, M.C. van den Toorn. *Algemene Nederlandse Spraakkunst*. Groningen: Marthinus Nijhoff uitgevers. 1997.
- Halliday, M.A.K, en Colin Yallop. *Lexicology. A Short Introduction*, Londen: Continuum, 2007.
- Hockett, C. *A Course in Modern Linguistics*. New York: Macmillan, 1958.
- Kempen, W., *Samestelling, Afleiding en Woordsoortelike Meerfunksionaliteit in Afrikaans*. Kaapstad: Nasou Beperk, 1969.
- Kruger, Magdaleen. *Die tale wat ons praat*. RSG, 28 April 2013, <<http://www.rsg.co.za/potgooi-soek.asp?ProgramID=48>>.
- "Lance Armstrong." 1 Mei 2013, *Wikipedia*. <http://nl.wikipedia.org/wiki/Livestrong#Lance_Armstrong_Foundation>.
- Lipka, L. *An Outline of English Lexicology: Lexical Structure, Word Semantics and Word-formation*. Tübingen: M. Niemeyer, 1990.
- Lyons, J. *Semantics. Volume 2*. Cambridge: CUP, 1977.
- Martin, W., (hoofred.). *Groot Woordeboek Afrikaans en Nederlands*. Kaapstad: Pharos, 2011.
- Prinsloo, Anton. "Huidiglik—'n sondebok (betk.1.", in 'n *Man wat Beur. Huldigingsbundel vir Dirk van Schalkwyk*, red., Willem Botha (Stellenbosch: Buro van die WAT, 2003), 305–313.
- Raidt, E.H., *Afrikaanse en sy Europese verlede*. Kaapstad: Nasou Beperk, 1991.
- Scholtz, J. du P. *Naamgewing aan plante en diere in Afrikaans. Bydrae tot 'n geskiedenis van die Afrikaanse woordeskat*. Kaapstad: Nasou Beperk, 1941.
- _____. *Wording en ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers, 1980.
- Uys, M. "Die vernederlandsing van Afrikaans." D.Litt diss., U Pretoria, 1983.
- Van Dale. *Woord van het jaar 2012*. 1 Mei 2013. <<http://woordvanhetjaar.vandale.be/>>
- Van der Merwe, H.J.J.M. "Die Afrikaanse woordeskat." Reds. H.J.J.M. van der Merwe e.a. *Afrikaans, sy aard en ontwikkeling*. Pretoria: J.L. van Schaik, 1968. 111–47.
- Van der Merwe, T. "'n Etimologiese perspektief op betekenisverandering in die Afrikaanse leksikon." *Literator* 2003 (24), 103–20.
- Van de Meulen, A. *Woordenboek der Nederlandsche Taal. Dertiende Deel*. s'Gravenhage: Marthinus Nijhoff, A.w. Sijthoff uit mij Batavia. 1924.
- Van Rooy, B en R. van den Doel. "Dutch and Afrikaans as post-pluricentric languages." *International Journal of the Sociology of Language* 2011, 1–22.